

Slaggate in ons eksegeese as voorbereiding tot Skrifgebaseerde prediking¹

Prof. GDS Smit

1. Inleiding

Met die ontstaan van die Christelike kerk na die uitstorting van die Heilige Gees, het die kerk die apostels gehad wat Christus gesien, by Hom geleer, en deur Christus uitgestuur was om die Evangelie aan die mensdom te bring. Hulle kon sê: so sê die Here in die oorspronklike bedoeling van Christus, aangesien hulle self die eerste hoorders van sy woorde was. Namate die apostels sterf, word die interpretasie van die eerste ontvangers algaande moeiliker af te lei uit die geskrewe rekords tot beskikking van die Christendom. Veral vanaf die tweede eeu word beleef die leser van die Bybel 'n verwydering tussen die oorspronklike konteks van die oorspronklike lesers en dié van die eietydse leser. Dit bring die soeke na die regte manier van Skrifuitleg om die Woord van God in sy oorspronklike konteks te verstaan na vore.

Deur die eeue was daar verskillende metodes gevolg om die boodskap van die Bybel te verstaan, onder andere:

- Eksemplariese model
- Tipologiese model
- Allegoriese model
- Dogmatistiese model
- Heils-historiese model
- Simboliese benadering
- Letterlike benadering
- Histories-kritiese model
- Literêre model
- Resepsiekritiese model
- Sosio-kulturele model
- Eksistensialisme
- Dekonstruktiewe model

Een voorbeeld hoe hierdie uiteenlopende benaderings die interpretasie van die teks beïnvloed

Die “letterlike” uitleg.

Dit is wanneer elke teks in die Bybel 100% letterlik geles word. So word die antichris dan gekoppel aan sekere persone soos Hitler, die Pous, Bill Gates ens. Volgens die Rabbyne kan elke teks op verskillende maniere verstaan word, naamlik “lig” en “swaar”. Die “ligte” verstaan is die voor-die-hand-liggende in die teks. Die “swaar” uitleg is “'n dieper betekenis in die teks”.

**Voorbeeld: Eseg. 15:15 – “Kyk, toe die wingerdhout heel was, kon daar niks nuttigs daarvan gemaak word nie, hoeveel minder as die vuur dit verteer het.”* Die Rabbyne sê die teks gaan oor die dood van die onregverdiges (lig). Hulle meen egter dit spreek ook oor die feit dat God die dood van regverdiges haat (swaar).

2. Die belang van die onderwerp

¹ REFERAAT VOORBEREIDING VIR PREDIKANTEKONFERENSIE: 23-24 September 2008

In die werk: *Exegetical Fallacies*, wys Carson² op die belang van Skrifgebaseerde prediking in die moderne samelewing. Hy gaan van die veronderstelling uit dat die moderne inligtingsontploffing uiters swaar verantwoordelikhede op die skouer van die prediker plaas. Die vernaamste rede is omdat die lidmaat vandag dieselfde toegang, indien nie meer nie, as die prediker het tot inligting rakende die Bybel, en dus meer krities luister na die inhoud van die prediking as jare gelede, waar die prediker en die dokter en die apteker byna die enigste persone was met toegang tot 'n verskeidenheid bronne en publikasies. Die prediker was dus uit die aard van sy amp en sy toegang tot die bronne as betroubaar aanvaar. Hierdie toedrag van sake het drasties verander en die prediker het die verantwoordelikheid om sy woorde versigtig te kies, sy statistieke deeglik te staaf en sy eksegetiese metodes versigtig te kies.

Die onderwerp: *Slaggate in ons eksegetiese as voorbereiding tot Skrifgebaseerde prediking*, is van belang, aangesien eksegetiese foute kommerwekkend gereeld in ons prediking voorkom. *"Make a mistake in the interpretation of one of Shakespeare's plays...and there is unlikely to be an entailment of eternal consequence..."* (Carson 1997:15).

Ons let op enkele van die sake wat in dié publikasie aan die lig kom.

3. Slaggate in ons eksegetiese as voorbereiding tot Skrifgebaseerde prediking

3.1 Woord-slaggate

Woorde is die prediker se basiese gereedskap: beide in die verstaansproses en die oordrag van dié verstaan. Woorde kan egter buite verband gebruik word. Hoeveel van ons het al die woord: **apostolo**" afgelei van **apostel** **lw** (stuur)? Hoe dikwels hoor ons nie predikers verwys na die woorde: **agapaw** (liefhê) in kontras met **filew** (liefhê) om die diepte van Jesus se vraag na Petrus se liefde te beklemtoon nie? Hoeveel maal hoor ons die verwysing na Paulus se dienaarskap in ooreenstemming met die gewilde **uphreth**" wat dan afgelei word van **eressw** (roei), as die onderroeier van 'n boot? Die vraag is egter of hierdie soort "woordspeletjies" op goeie eksegetiese berus of bloot gewilde uitleg is. Carson is van mening dat hierdie soort "uitleg" onverskillig is en indien die aanhaling van 'n antieke woord in die prediking beslis funksioneel is, die prediker ten minste moeite moet doen om seker te maak hy gebruik die woord reg.

3.2 Grammatikale slaggate

Taal vervaag met tyd: die hoeveelheid woorde word minder, sinonieme meer, die sintaksis word minder struktureel, die morfologie word eenvoudiger, nuutskeppinge kom by, en die aantal uitsonderings op die grammatikale reël neem toe. Om dié rede verskil Klassieke Grieks in 'n groot mate van Koine-Grieks, wat weer verskil van moderne Grieks. Ons het gewoon geraak om na die "Aktionsart" (soort aksie) in Griekse werkwoorde te soek, byvoorbeeld is die gebruik van 'n aoristos in 'n bepaalde teks indikatief, regressief, of optatief? Al meer linguïste is dit eens dat die gebruik van die aoristos in byvoorbeeld die sinoptiese evangelies aan die een kant en Paulus se briewe aan die ander kant met verloop van die tyd nie die *Aktionsart* wou beklemtoon nie, maar wel die grammatikale inhoud van die werkwoord. Sonder om verder in diepte in te gaan op die grammatika as slaggat vir die prediking, kan ten slotte opgemerk word dat dit uiters vrugbaar is om weer na die grammatikale konstruksies in die antieke tekste te gaan kyk aan die hand van die navorsing van veral die afgelope 30 jaar. 'n Standaardwerk in dié verband is ongetwyfeld J.P. Louw se *Semantiek van die Nuwe-Testamentiese Grieks*. Die bestudering van Carson pp. 65-86 sal ook beslis weer jou Griekse grammatika bietjie afstof.

² Carson, D.A. [1996](2007). *Exegetical Fallacies (Second Edition)*. Grand Rapids: Baker Academic

3.3 Logiese slaggate

Logiese slaggate kom voor wanneer algemeen aanvaar word dat omdat $X = Y$ en $Y = Z$, moet X en Z gelyk wees aan mekaar. In die eksakte wetenskappe (bv. die natuurwetenskappe) is dit wel logies, maar in die geesteswetenskappe, veral in die linguïstiek, is X en Z dikwels nie gelyk aan mekaar nie, ongeag of dit wel in sommige gevalle ooreenkomste toon. Die probleem word byvoorbeeld in dié eenvoudige sinne uitgewys:

Alle honde is diere.
Alle katte is diere.
Dus: alle honde is katte.

In soortgelyke geval verwys Steinmetz³ na Galasiërs 3:28 (“*Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus*”), as bewysplaas vir die insluiting van die vrou in die predik-amp. Hy argumenteer soos volg: Vroue kan wel verbied word om te preek, indien Paulus verkeerd is in sy standpunt dat daar nie meer man en vrou is nie, en as Petrus verkeerd was deur te skryf dat die seuns en dogters in die laaste dae sal profeteer. Dan moes Petrus geskryf het dat die seuns sal profeteer, terwyl die dogters moet stilbly. Vroue behoort volgens Petrus (1 Pet. 2:9) aan die koninklike priesterdom, anders is hulle lede van Christus se kerk nie.

Teenoor die standpunt van Steinmetz kan ons argumenteer dat man en vrou tog nie ophou bestaan nie; hulle is ook nie gelyk in alle opsigte nie: mans baar nie nou kinders nie. Dit gaan dus hier oor die beginsel dat mans en vroue voor God gelyk is, en nie in alle opsigte nie. Daar is tog heelwat ander plekke in die Bybel waar Paulus duidelik onderskeid tref tussen die taak van man en vrou in die huis en in die kerk⁴.

3.4 Voorveronderstellings as slaggat vir die prediking

3.4.1 Die invloed van die “nuwe hermeneutiek”

Die “nuwe hermeneutiek” plaas die hele vraagstuk na die beste uitlegmetode binne die agtergrond van die eksegeet. Volgens hierdie benadering kan geen eksegeet ‘n teks 100% objektief benader nie. Dit het aanleiding gegee tot die teorie van die “hermeneutiese sirkel”. Hierdie teorie gaan van die veronderstelling uit dat alle kommunikasie (met ander woorde ook die Bybelse boodskap) aan die hand van drie elemente bestaan:



Ongeag die kritiek op die nuwe hermeneutiek, het ons heelwat geleer uit hierdie benadering. Die probleem is egter, alhoewel hierdie teorie die belang van die konteks in die verstaansproses beklemtoon, word daar dikwels eensydig klem gelê op die historiese aard van die teks, sonder inagneming van die inhoud van die teks (boodskap). Vandag praat al meer geleerdes nie meer van die hermeneutiese sirkel nie, maar van die hermeneutiese spiraal (hoe meer ‘n mens die ontstaan van die gedeelte in ag neem, hoe nader kom mens aan die oorspronklike bedoeling).

Ongelukkig kan hierdie benadering ook ons voorveronderstelling oor die Bybel op so manier wysig dat ons die ontstaansgekiedenis van ‘n teks wil gebruik om die boodskap te relativer.

³ Steinmetz, D.C. 1983. “The Protestant Minister and the Teaching Office of the Church.” *Theological Education 19* (1983), pp. 45-64.

⁴ Byvoorbeeld: 1 Kor. 14:33-36; 1 Tim. 2:11-15.

Byvoorbeeld, alhoewel ons heelwat kan leer oor die agtergrond van Paulus se briewe en dit gebruik om die konteks te verstaan, sal ons nie die konteks van navolging van Christus verstaan, as ons nie bereid is om te buig voor die eise van dissipelskap nie. Ons sal nie verstaan wat onderwerping aan die gesag van Christus in die kerk beteken, as ons bloot gaan kyk na die agtergrond van die handhawing van gesag in die wêreld van die Nuwe Testament nie.

Eksegetiese modelle kan ook as voorveronderstelling dien om die boodskap van die Bybel te relativer. Meer onlangs het ons die opkoms van die “radikale hermeneutiek” in die plek van die nuwe hermeneutiek beleef. Hierdie benadering het vooraanstaande geleerdes in die linguïstiek en teologie as eksponente wat met uiters geleerde verklaringsmetodes die grond gelê het vir die post-moderne epistemologie. Volgens hierdie benadering is daar geen vaste fundamente in die verklaring van die Bybelse teks nie, aangesien die teks van die Bybel nie op vaste gronde rus nie. Hulle beweer verder dat alle eksegetiese benaderings in elk geval *teorie-gebaseer* is. Die betekenis van woorde is in elk geval nie absoluut nie, en daarom kan dit net so goed die teenoorgestelde beteken as wat gedink word. Sonder om verder in diepte hierop in te gaan, kan ek opmerk dat dit die deur geopen het vir ‘n post-moderne verstaan van die Skrif, waarin geen absolute waarhede aanvaar word nie, maar alle Skrifwaarhede afhanklik is van die eksegeet se eie voorveronderstelling.

3.4.2 Die Voorveronderstellings van die Eksegeet

Dit bring ons dan by die vraag: is dit nodig om voorveronderstellingloos na ‘n teks te kyk, en verder, is dit moontlik om so na ‘n teks te kyk?

Fischer (1970:4)⁵ wys daarop dat daar ‘n algemene wanpersepsie in die moderne wetenskap is dat alle goeie wetenskapsbeoefening suiwer objektief is. Dit beteken dat wetenskap voorveronderstellingloos is. Hierdie benadering is ook in die verlede in die eksegetiese nagestreef. Die feit is egter dat die eksegeet homself nooit kan losmaak van sy situasie en voorveronderstellings en meen dat hy so die “naakte” betekenis van die teks kan vasstel nie.

Eerstens bestaan daar nie so-iets soos ‘n “naakte” of “neutrale” betekenis van die teks nie, maar slegs betekenis wat as reaksie op bepaalde vrae na vore kom. Elke vraag kom vanuit ‘n bepaalde konteks met sy eie voorveronderstellings.

Tweedens kan geen mens homself losmaak van sy agtergrond en sy eie sienswyse nie. Sy voorveronderstellings funksioneer dan as filters waardeur hy die teks lees en verstaan. Is ons bewus van ons voorveronderstellings, word ons ook bewus van die beperktheid van ons uitsprake.

Die filters funksioneer as produk van die politieke en sosio-ekonomiese agtergrond, wat lei tot verskil in interpretasie.

1. Skrifbeskouing

‘n Neiging om die teks te vergeestelik kan gestel word teenoor iemand wat ‘n historiese interpretasie daarvan gee. Verder kan daar ook verskille wees met betrekking tot die

⁵ Fischer, D.H. 1970. *Historians' Fallacies: Toward a Logic of Historical Thought*. New York: Harper & Row

aanvaarding van die geïnspireerdheid van die Bybel en van sy gesag. Ook kan daar verskil wees oor die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament.

2. Kerklike Tradisie

Verskil in kerklike tradisie het 'n wesenlike invloed op die interpretasie van die Bybel. My eksegeese sal gevolglik noodwendig die kleur aanneem van die bepaalde kerklike tradisie waarin ek staan en die plek waar ek opgelei is.

3. Metode van Uitleg

Elke metode het sy eie voorveronderstellings en by die keuse van 'n bepaalde metode het die eksegeet meteen ook vir 'n bepaalde voorveronderstelling gekies. So laat 'n metode wat slegs die teks soos dit nou is, (die fenomenologiese model) geen ruimte vir die vraag na die wording van die teks nie. Maar dis ook waar dit 'n metode wat slegs op die wording van die teks toegespits is, (die histories-positiewe model), kan ook nie die betekenis en prediking van 'n teks ten volle weergee nie.

4. Sosio-ekonomiese agtergrond

As voorbeeld kan genoem word die teologie van rewolusie wat in die 3de wêreld op baie aanhangers tel, wat spruit uit sosio-ekonomiese verskille. Iemand wat 'n bepaalde kulturele uitlewing ken, sal anders oor dinge oordeel as 'n kollega wat dit nie ken nie.

5. Ideologiese oortuigings

Predikers verkondig 'n materialistiese of swart of charismatiese, of ekologiese of homoseksuele of bevrydingsteologie, almal uit dieselfde Bybel.

6. Morele of Sedelike Norme

Morele of sedelike norme word aan ons oorgedra deur ons opvoedingsproses in huis, skool, kerk- en samelewing. Standpunt van predikers kan teruggevoer word na bepaalde morele voorveronderstellings of 'n afwesigheid daarvan.

7. Eie kennis en vaardigheid

Die Heilige Gees neem die mens as't ware in diens en gebruik die kennis en vaardigheid van die mens in die uitvoering van God se werk. Gevolglik plaas ons onkunde en vaardigheidsgebreke en beperking op die mate waarin die Gees ons kan gebruik.

Alhoewel ons kennis neem van die feit dat dit nie moontlik is om sonder enige voorveronderstelling na 'n teks te kyk nie, waarsku Carson dat die eksegeet altyd sy voorveronderstellings aan die hand van die Skrif self moet gaan toets, en indien nodig sy voorveronderstelling wysig ooreenkomstig die uitsprake van die Skrif en nie die eksegetiese model nie.

4. Samevatting

Die eksegetiese prosesse wat gevolg word, lê die fondament vir Skrifgetroue prediking. Dit is om dié rede uiters noodsaaklik dat die eksegeet sy kennis van die grondtale, kennis van die wêreld van die Bybel, die teologie van die Bybel en Bybelse hermeneutiek gesond hou. Die

gevaar is dat ons in ons eksegetiese prosesse so gemaklik raak dat ons summier aanvaar dat ons alles weet wat daar te wete is oor 'n teks, sonder om opnuut weer te gaan delf in die grondteks, kommentare en bruikbare bronne na die God se boodskap vir die kerk vandag. Wanneer ons ondeurdrag met die teks omgaan, kán selfs die bedrewe eksegeet maklik in eksegetiese slaggate trap.

Besprekingsvrae:

1. In hoe 'n mate kan ons toelaat dat eie voorveronderstellings die eksegetiese proses beïnvloed?
2. Noem eksegetiese voorveronderstellinge waarteen ons in die AP Kerk moet waak.
3. Die kerkvader Theodorus van Mopsuesta het onderskei tussen die eksegeet en die prediker se benadering tot die Skrif. Hy is van mening dat die prediker vaardig moes wees in die *homilie (dit is in die kuns van prediking)*, en dat die eksegeese van Bybeldele deur ander kundiges in die kerk gedoen moes word. Bespreek die stelling.
4. Bespreek die slaggate in die eksegetiese prosesse aan die hand van die praktyk.
5. Watter rol speel die kennis van die antieke Bybeltale in ons eksegeese?
6. Bespreek of dit noodsaaklik is om 'n opknappingskursus in Bybeltale te oorweeg.